# GENADENDAL - 2021

| ROETE: | Genadendal | DATUM: | 12 & 13 Junie 2021 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

9 van ons het die Vrydgaaand in die Eco-lodge op Greyton oorgebly. 7 van ons het ook die aand in die dorp gaan eet. Dit is voorwaar 'n oulike plek om te oornag. Die volgende oggend vroeg is ons deur na Genadendal waar die groep van 11 by die Sendingkerk begin stap het. Werner en Brenda stap voor en ons is met ‘n stewige klim die voetheuwels uit. Ons het heerlik gerus by die Wonderklippe en is toe geleidelik af in ‘n kloof en dan op na ‘n nek tot ons die lang afdraand na die plaas De Hoek aan die anderkant van die berg gekry het. Die roete lyk ook heelwat anders as toe die klub dit in 2015 gestap het. By die huisies word daar gewoel en gewerfskaf. Die aand word daar lekker gebraai en geëet op die stoep. Die volgende oggend val ons vroeg in die pad en die hondjie wat die vorige dag saam met 'n ander groep vanaf Genadendal ingestap het, besluit ons groep is vandag sy keuse. Hy het heelpad tot in die dorp saamgestap. Ons het ook besluit om dieselde roete terug te stap aangesien die net soveel veiliger is. Ons het nie kans gesien vir die STEIL afdraend. Ons was teen 2:30 terug by ons motors. Almal het gegroet en is stuk-stuk terug Kaap toe. Dankie aan Werner vir die voorstap en die braai. Voorwaar 'n lekker groep en 'n heerlike naweek in die buitelug.

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Brenda Sideratos | 2021058 | R 10 | 29 | |
| Werner Booyens | 2021057 | R 10 | 29 | |
| Mahanda Bence | 2021012 | R 10 | 29 | |
| Elana Swart | 2021023 | R 10 | 29 | |
| Estelle Zietsman | 2021032 | R 10 | 29 | |
| Delfie Issel | 2021016 | R 10 | 29 | |
| Miranda Myburgh | 2021068 | R 10 | 29 | |
| Elza Geldenhuys | 2021086 | R 10 | 29 | |
| Selda de Lange | 2021025 | R 10 | 29 | |
| Sharon Visser | 2021054 | R 10 | 29 | |
| Amanda Matthee | 2021040 | R 10 | 29 | |
| Santie Kies | 2021063 | R 10 | 0 | kanselleer agv siekte |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **R 120** | **319** | |

| NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN: | nvt |
|---|---|
| ITEMS GEBRUIK: | |

**NAME OP WAGLYS**

| | |
|---|---|
| Almal wat op die waglys was is geskakel maar het reeds planne gehad - kon ongelukkig nie Santie se plek vul | |
| | |

| VERSLAG DEUR: | Brenda Sideratos |
|---|---|